| | | |
|---|---|---|
| **VAK: AFRIKAANS EAT**<br>**GRAAD: 10 (IEB)**<br>**VRAESTEL: 1**<br>**DATUM: JUNIE-EKSAMEN**<br>**TYD: 2½ UUR** | litnet | **PUNTE: 100**<br>**EKSAMINATOR: JW DE BRUIN**<br>**MODERATORS: Y SNYMAN EN C VAN STADEN** |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)

   Afdeling B Opsomming (10 punte)

   Afdeling C Poësie (30 punte)

   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

# AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

**Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.**

### HARTOORPLANTING OP JONG MEISIE 'EERSTE IN JARE'

21 April 2021
Megan Gittins



1. 'n Span spesialiste by die Rooikruis-kinderhospitaal en Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad het 'n 13-jarige meisie 'n tweede kans op die lewe gegee nadat sy 'n suksesvolle hartoorplanting gekry het.
2. Parusia Muhigirwa se oorplanting is glo die eerste hartoorplanting wat in 13 jaar by dié kinderhospitaal gedoen is.
3. "Die hartoorplantingsdiens (*heart transplant service*) vir kinders verseker dat kinders met hartprobleme 'n nuwe kans op die lewe kry," sê prof. Liesl Zühlke, pediatriese kardioloog by die Rookruis-kinderhospitaal.
4. Parusia, wat reeds in Februarie vanjaar die oorplanting ontvang het, is volgens haar dokters op pad na herstel. Na dié lewensveranderende operasie beplan sy om 'n dokter te word om ander kinders met hartkwale te help.
5. Parusia se toestand word kardiomiopatie genoem. Die toestand het veroorsaak dat haar hartspier (*heart muscle*) verswak het. Die spier het slap geword en het vergroot.
6. "Sommige kinders word met abnormale hartstrukture gebore en ander erf dit van hul ouers. Dikwels kan daar geopereer word. As komplikasies ontstaan en die hart nie heeltemal herstel nie, is die enigste opsie 'n hartoorplanting," sê Zühlke.
7. Die hartoorplanting is 'n lang en moeilike proses. Baie tyd word spandeer om die kind vir 'n hartoorplanting gereed te maak. Die besluit om die operasie te doen, word eers noukeurig deur die familie, kind en spesialiste bespreek. Daarna word dit haarfyn beplan.
8. In normale omstandighede is kinders se hartoorplantings uitdagend (*challenging*), maar sedert die Covid 19-pandemie is dit 'n nóg groter risiko. Pasiënte se toestande (*conditions*) moet fyn dopgehou word om 'n suksesvolle oorplanting te verseker.
9. Nadat die oorplanting gedoen is, is daar maandelikse opvolgafsprake waar kardiogramme, bloedtoetse en ander assesserings gedoen word. Pasiënte word noukeurig gemonitor vir enige infeksies.
10. "Ons is opgewonde om weer die oorplantingsdienste by die hospitaal te bied," sê Parbhoo.

**[Bron: Aangepas uit https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/hartoorplanting-op-jong-meisie-eerste-in-jare/]**

1.1 Hoe weet ons dat **meer as een spesialis** die hartoorplanting op Parusia uitgevoer het? Motiveer jou antwoord deur **drie opeenvolgende**

(*consecutive*) **woorde** aan te haal. (1)

1.2 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord.

Slegs een hospitaal was deel van die hartoorplanting. (1)

1.3 Watter **EEN** woord uit paragraaf 1 sê vir ons dat Parusia ’n tiener is? (1)

1.4 In watter **stad** is die Groote Schuur-hospitaal? (1)

1.5 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die operasie was ’n (mislukking/sukses). (1)

1.6 Hoeveel jaar gelede is die vorige hartoorplanting in die kinderhospitaal gedoen? (1)

1.7 Lees weer **paragraaf 3**. Watter **positiewe GEVOLG** (*consequence*) is daar gewoonlik vir kinders wat ’n hartoorplanting kry? (1)

1.8 Vul die ontbrekende woorde in.

Prof. Liesl Zühlke is ’n **pediatriese kardioloog**.

Dit beteken dat sy in (1.8.1) en in (1.8.2) spesialiseer. (2)

1.9 In **watter maand** is die operasie op Perusia uitgevoer? (1)

1.10. Parusia het reeds besluit sy wil in die toekoms ’n dokter word.

1.10.1 Wat doen ’n dokter? Beskryf in jou eie woorde en in volsinne. (1)

1.10.2 Hoekom wil sy hierdie beroep (1.10.1) beoefen? (1)

1.10.3 Dink jy dis ’n goeie idee dat sy eendag ’n dokter wil word? (1)

1.10.4 Watter ander beroep (*occupation*), dink jy, sou sy ook eendag met empatie kon beoefen? (1)

1.11 Noem **EEN oorsaak** (*cause*) uit die teks van abnormale hartstrukture by kinders. (1)

1.12 Sal jy toelaat dat dokters ’n vark se hart in jou oorplant? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

**[16]**

**VRAAG 2 SPOTPRENT**

**Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat daarna volg.**




**[Bron: https://www.google.co.za/search?q=spotprente+skool&tbm=isch&ved=2ahUKEwj4vo-mt7nwAhWV0oUKHbiWBoEQ2- _LM]**

2.1 **Waar** in die skool vind die gesprek (*conversation*) tussen die hoof en die onderwyseres plaas? (1)

2.2 Hoe het die kinders dit reggekry om gelyk (*simultaneously*) te begin nies? (1)

2.3 Bestudeer die onderwyseres se **liggaamstaal** (*body language*). Noem EEN **visuele leidraad** (*visual clue*) wat vir ons wys dat sy bekommerd (*worried*) is. (1)

2.4 Sê hoekom die volgende stelling **WAAR** is.

Die hoof **oortree** (*transgress*) Covid-19-regulasies. (1)

2.5 Hoe weet ons dat hierdie spotprent net voor vlak 5 van die **inperking** (*lockdown*) gepubliseer is? (1)

2.6 Noem EEN **skryftegniek** wat in die spotprent gebruik is om te beklemtoon dat die kinders kansvatters (*chancers*) is. (1)

2.7 Wat is vir jou die moeilikste (*most difficult*) situasie om tydens die Covid-pandemie te hanteer? (1)

**[7]**

**VRAAG 3 VOORBLAD**

Kyk na die voorblad van die *Weg!*-tydskrif hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Weg!*-tydskrif]

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en letter (A–D) neer.

Die een bergklimmer staan ... die bergspits.

A onderaan
B bo-op (1)
C langs
D naby

3.2 Watter bestanddeel (*ingredient*) kom in al 6 resepte voor? (1)

3.3 Watter tipe mense, behalwe bergklimmers, sal dit geniet om hierdie tydskrif te lees? (1)

3.4 Wat, dink jy, is die funksie van 'n "reisjoernaal"? (1)

3.5 Wat beteken dit as iets of iemand 'n "oogappel" is? (1)

3.6 Baie mense droom daarvan om te reis (*travel*).

3.6.1 Waarheen sal jy graag wil reis? (1)

3.6.2 Hoekom sal jy daarheen wil reis? (1)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 30 punte**

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4 EMOSIONELE INTELLIGENSIE

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die VYF EIENSKAPPE van emosioneel intelligente mense in jou eie woorde op en noem elke keer ’n VERKLARING (*explanation*) / REDE vir die spesifieke tipe emosionele intelligensie.
- Dit moet elke keer EEN sin wees met ’n eienskap en ’n rede/verklaring wat met ’n **voegwoord** verbind word.
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne neer. Jou opsomming moet ongeveer 70 woorde bevat.
- Nommer die eienskappe van 1 tot 5.

**Onthou:**

- om ’n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is
- dat elke hoofpunt slegs EEN sin, met die **eienskap** en **die rede/verklaring** vir daardie eienskap, moet bevat
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek ’n streep deur jou beplanning** sodra jy klaar is met jou opsomming.

**Die eienskappe van emosioneel intelligente mense**

*Mense kan soms akademies baie sterk wees. Hulle ken baie feite, doen goed in toetse en kan selfs ’n baie goeie algemene kennis hê. As hulle egter sosiaal met ander mense verkeer, doen en sê hulle die domste goed! Hulle kan ook nie hulle emosies reg bestuur nie. Hulle is dus nie emosioneel intelligent nie. Kom ons kyk na vyf eienskappe van emosionele intelligente mense.*

Emosioneel intelligente mense kan konflik positief met selfvertroue hanteer en oplos. Hulle weet dat ander mense foute maak omdat niemand perfek is nie.

Hulle lewe met balans. Hulle weet dat ’n mens baie hard moet werk, maar dat dit ook nodig is om te ontspan.

Dikwels is mense bang vir verandering. Emosioneel intelligente mense onthou dat verandering deel van die lewe is en dat jy nie jou fokus moet verloor as gevolg van hierdie vrees nie.

Empatie maak dat ’n mens jouself in ’n ander mens se situasie kan voorstel (*imagine*). Mense wat emosioneel intelligent is, tree met warmte en begrip teenoor ander mense op.

Mense wat emosioneel intelligent is, word nie in die verlede vasgevang nie. As jy bly fokus op dit wat verkeerd was in jou verlede, kan jy nie vorentoe beweeg nie.

[Bron: Opsteller]

**TOTAAL AFDELING B: 10 punte**

## AFDELING C POËSIE

**Lees die onderstaande GEDIGTE deur en beantwoord dan die vrae.**

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Kinders van die wind – Koos du Plessis**

1. Ek ken 'n ou, ou liedjie
2. van lewenswel en wee.
3. Van lank-vergane skepe in
4. die kelders van die see.
5. Die woorde is vergete
6. en tog, die deuntjie draal
7. soos vaag-bekende grepies uit
8. 'n baie ou verhaal.

**Refrein**

9. Van swerwers sonder rigting.
10. Van soekers wat nooit vind ...
11. En eindelik was almal maar
12. net kinders van die wind.

13. Gesigte, drome, name
14. is deur die wind verwaai.
15. En waarheen daardie woorde is
16. sou net 'n kind kon raai ...

**Refrein**

17. Swerwers sonder rigting.
18. Soekers wat nooit vind.
19. En eindelik was almal maar
20. Net kinders van die wind.

**[Bron: *Vers en vlam* (Human & Rousseau) 2015]**

5.1 Die woord "ou" (versreël 1) woord meer as een keer gebruik.

5.1.1 Wat word hierdie verskynsel genoem? (1)

5.1.2 Wat is die funksie van hierdie verskynsel? (1)

5.2 Beskryf die frase "lewenswel en wee" (versreël 2) in jou eie woorde. (2)

5.3 Pas die BEELDSPRAAK in kolom B by die versreël in kolom A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.3.1 "die kelders van die see" (versreël 4) | A Personifikasie |
| 5.3.2 "kinders van die wind" (versreël 12) | B Vergelyking |
| 5.3.3 "soos vaag-bekende grepies uit ..." (versreël 7) | C Metafoor |

(3)

5.4 Vul die ontbrekende woorde in.

Die spreker het die liedjie se (5.4.1)... vergeet, maar hy kan nog die (5.4.2)... onthou. (2)

5.5 Haal een voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. Onderstreep die klank wat die alliterasie vorm. (1)

**[10]**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Susan Boyle – Kobus Grobler**

1. daar staan jy inskrywing 43212
2. voor die pilatusse van *Britain's got talent*
3. aangeja soos 'n skaap
4. miserabel vaal in die lig verguis
5. die monobrou en die kapsel raam
6. jou vertelsel van 'n klein Nasaret
7. Simon spot, skares jou uit:
8. jy is die grap van die jaar

9. met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
10. het jy vanuit vernederende vooroordeel
11. hulle en miljoene ander op YouTube
12. in ongeloof laat aanskou
13. hoe jy jare se troeteltalent
14. aan die hele wêreld skenk

[Bron: *Toulopers: Verse vir tieners* – saamgestel deur J. Jacobs, LAPA 2011]

6.1 Wat suggereer die groot inskrywingsnommer, 43212, wat aan Susan gegee is? (1)

6.2 Die beeldspraak in die onderstaande versreël is 'n voorbeeld van (vergelyking/personifikasie). Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

"***aangeja soos 'n skaap***" (versreël 3) (1)

6.3 Sê hoekom die volgende stelling **ONWAAR** is.

Die beoordelaar en die gehoor het dadelik van Susan gehou toe hulle haar die eerste keer op die verhoog sien. (1)

6.4 Wat beteken dit as iemand "die grap van die jaar" (versreël 8) is? (1)

6.5 Met watter liedjie het sy die beoordelaars, gehoor en YouTube-kykers se harte gewen? (1)

6.6 Benoem die **klankverskynsel** in die volgende versreël.

"het jy vanuit vernederende vooroordeel" (1)

6.7 Watter **een woord** sê vir ons dat baie mense haar oudisie gesien het? (1)

6.8 Hierdie gedig belig (*highlights*) die kwessie van VOOROORDEEL

(*prejudice*).

6.8.1 Onder watter vooroordeel moes Susan ly (*suffer*)? (1)

6.8.2 Noem TWEE ander voorbeelde van vooroordeel in hierdie gedig. (2)
**[10]**

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

***Doemanie*** **(Adam Small)**

’n Proefiet van Jesus djý?
’n proefiet?
djy moet djou palys-hys
djy moet djou aeroplane-motorkar
djy moet daai kamma sêd smile van djou
en djou tears
en djou woerewarra op die pulpit
moet djou skorrelsvol braai-atappels en -vleis?

djou hys ’n woestyn? nou sal mens djou verbeel!
en hoe lyk dit met jou kale pote vi’ daai streamline ding
en hoe lyk dit djou toega vi’ die vel van ’n kameel
en hoe lyk dit moet daai skorrelsvol vi’ sprinkane en wille hiening?

**[Bron: *Vers en vlam* (Human & Rousseau) 2015]**

7.1 Wie is die “djý” in versreël 1? (1)

7.2 Benoem die beeldspraak in “palys-hys” (versreël 3). (1)

7.3 Sê hoekom die onderstaande stelling **ONWAAR** is deur DRIE OPEENVOLGENDE woord uit strofe 1 aan te haal.

**Die moderne predikant is opreg (*real*) as hy hartseer glimlag.** (1)

7.4 Gee die Afrikaanse woord vir “pulpit” (versreël 7). (1)

7.5 Gee die Standaardafrikaanse spelling vir die volgende twee woorde:

7.5.1 djy (versreël 1) (1)

7.5.2 djou (versreël 3) (1)

7.6 Hoekom kan hierdie gedig as ’n satiriese gedig beskryf word? (1)

7.7 Hierdie gedig is ’n voorbeeld van INTERTEKSTUALITEIT.

Wat is die interteks van hierdie gedig? (1)

7.8 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

Die dialek in hierdie gedig is (7.8.1)... Afrikaans. ’n Eienskap van hierdie dialek is die gebruik van baie Engelse (7.8.2)... . (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Die onderstaande sinne is op die spotprent gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui.**




Koos

Piet

**[Bron: https://afrikaans.com/2020/05/29/produk-van-die-maand-komedie-shop-t-hemde/ (name deur opsteller ingevoeg)]**

8.1 (die vreemde wiel.) (Piet) (vandag) (sien)

**Piet ...** (1)

8.2 Koos vervang die wiel.

**Koos behoort ...** (1)

8.3 Piet kritiseer ander mense se karre.

**Piet hou daarvan ...** (1)

8.4 Die bestuurder se wiel is pap.

**Gister ...** (1)

8.5 Die voetganger staar na die papbokswiel.

**Môre ...** (1)

8.6 Die twee vriende het die papbokswiel bespreek.

**Op die oomblik ...** (1)

8.7 Wil Koos êrens heen ry?

**Nee ...** (1)

8.8 (sy kar) (Die man) (verlede week) (skielik) (het) (om sy skuld af te betaal.) (verkoop)

**Die man ...** (1)

8.9 Die kar kan vinnig ry.

**Kan ...** (1)

8.10 Hang Piet se mond oop van verbasing?

**Nee ...** (1)

**[10]**

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragrawe wat op die onderstaande spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord neer.**




Die Drie Bere **9.1 (woon** – gee ’n sinoniem) in ’n baie **9.2 (mooi** – gee die vergrotende trap) huis in die **9.3 (bos** – gee die meervoud). Hulle het vanoggend **9.4 (vroeg** – benoem die bywoord) opgestaan. Hulle sit nou in die **9.5 (kombuis** – gee die meervoud). Daar staan twee papborde en twee glase melk voor die **9.6 (pa** – gee die meervoud) en voor die **9.7 (seun** – gee die verkleining). Hulle sien dat hulle papborde **9.8 (leeg** – gee ’n antoniem) is. Die **9.9 (seun** – gee die teenoorgestelde geslag) roep uit dat **9.10 (sy/hom** – kies die korrekte woord) pappies op is. Die pa is **9.11 (baie** – gee die oortreffende trap) kwaad en wil weet wie sy pap opgeëet het. Hulle dink dadelik dat dit al weer **9.12 (Gouelokkies** (*Goldilocks*) – benoem die selfstandige naamwoord) is **9.13 (wat/wie** – kies die korrekte woord) hulle lekker warm pap geëet het.

Die **9.14 (besig** – gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord) ma staan **9.15 (...** – vul die korrekte voorsetsel in) die kombuis. Agter haar is daar ’n pot **9.16 (...** – vul die korrekte voorsetsel in) die stoof. Sy staan met haar hand in haar sy en sê **9.17 (die pa en seun** – gee een voornaamwoord) moet bedaar (*calm down*). Die rede hoekom hulle borde leeg is, is omdat sy nog nie **9.18 (...** – vul die korrekte lidwoord in) pap gemaak het nie. Sy kón nog nie pap maak nie, want die elektrisiteit is af.

Die seun besluit om solank sy **9.19 (rooi** – gee die intensiewe vorm) appel te eet en die pa drink sy melk. Hulle wag **9. 20 (geduldig** – gee die antoniem) vir die krag om aan te gaan.

(20 × ½)


**[10]**

**VRAAG 10 KOMMUNIKASIE**

**Lees die inligting hieronder deur.**

- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling aan die einde van **elke respons** neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.

**Lang toue mense staan lank in ABSA om vir hulle ID's en paspoorte aansoek te doen (*apply*).**




[Bron: Google Images]

10.1 Me. Kriek (nr. 1) wil van **<u>woede</u>** (*anger*) ontplof. Sy het 'n afspraak gemaak om aansoek te doen vir haar nuwe ID-kaart wat sy dringend nodig het, maar sy staan al ure in die tou. Wat sê sy vir die ABSA-personeellid toe sy uiteindelik gehelp word?

10.2 Mnr. Madimo (nr. 2) voel baie **<u>benoud</u>** (*anxious*) wanneer hy van agter af gestamp word. Wat **dink** hy van die persoon wat teen sy rug staan en slaap?

10.3 Klein Japie (nr. 3) **<u>skrik</u>** hom morsdood toe Me. Kriek so op die man by die toonbank begin skree. Wat sê hy **<u>bang</u>** vir sy ma?

10.4 Me. Ndlovu (nr. 4) het gou in haar etenstyd bank toe gekom om haar ID-kaart af te haal. Haar baas weet nie sy is nie nou op kantoor nie. Sy is **<u>bekommerd</u>** (*worried*) hy vind uit. Watter verskoning (*excuse*) **dink sy uit** ingeval hy haar dalk bel?

10.5 Mnr. van As (nr. 5) se geduld (*patience*) is ook nou op. Hy is net daar om sy nuwe paspoort af te haal (*collect*). Môreoggend klim hy op ’n vliegtuig Singapoer toe en hy gaan sy werk verloor as hy nie op daardie vliegtuig is nie! Hoe **smeek** (*beg*) hy die oom agter Me. Kriek om met hom **plekke te ruil**?

**Bron: Turicia Willemse (Southdowns College)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING D: 30 punte**

**GROOTTOTAAL: 100 punte**